DISSIPLINÊR VERHOOR

THE REGISTRAR OF THE AGRICULTURAL PRODUCE AGENT'S COUNCIL
(“die Registrateur**”)**

teen

1. **WESTSIDE TRADING 380 (PTY) LIMITED t/a LAEVELD MARKAGENTE**
2. **DEREK HUGO BOUWER**
(**“**Beskuldigdes”)

Op 25 Oktober 2012 en by die kantore van Weavind & Weavind, Brooklyn, Pretoria, is die bogenoemde Beskuldigdes skuldig bevind onbehoorlike gedrag (soos uiteengesit in Artikel 23 (a) en/of (c) van die Wet) saamgelees met Artikel 18 (2) en 19 (5), Reël 33.4, 33.5 (b) en Aanhangsel C tot die Reëls, en die volgende vonnis is deur die Dissiplinêr Tribunaal neergelê:

1. Die Beskuldigdes word elkeen beboet met ’n boete van R10 000.00.

2. In terme van Artikel 26 (1)(c) word die Beskuldigdes se getrouheidswaarborg en registrasie sertifikate terug getrek maar, in terme van Artikel 26 (2) word daardie terugtrekking opgeskort vir ’n tydperk van 3 jaar op twee voorwaardes:

   (a) Die Tweede Beskuldigde die kursus, sogenaamde Comsel 100 tot 300 kursus, binne 6 maande vanaf 1 November 2012 bywoon word, en dat hy binne 3 maande nadat hy die kursus bygewoon het, ’n sertifikaat aan die Registrateur beskikbaar stel wat sy bywoning bewys.

   (b) Die Beskuldigdes nie binne 3 jaar van bovermelde opskorting skuldig bevind word van ’n oortreding van Artikel 18 (2) en/of 19 (5) van die Wet, en dat die Beskuldigdes se geouditeerde state betyds ingedien word.

3. Die Eerste en Tweede Beskuldigdes, gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal, die ander vrygestel te word, ’n koste bydra aan die Registrateur te betaal in die bedrag van R30 000.00.

4. Die betalings van die bydra tot koste en die boetes wat in ’n totale bedrag van R50 000.00 kan afbetaal word deur die Beskuldigdes teen ’n bedrag van R5 000.00 per maand vanaf 1 Desember 2012. By versuim van betaling van enige verskuldigde betaling op die dag wat dit verskuldig word, word die totale uitstaande balans onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.

(312 woorde)